Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

17 Mei 2024 Uitgawe: 7/2/2024

## UIT DIE KANTOOR

Baie geluk aan al ons Tjokkie-leerders wat baie goed presteer het tydens vanjaar se skou, asook die afgelope kunswedstryd. Ons het reeds die uitslae in ons sosiale media platforms geplaas.

Die skool se eerste uitgawe van ons prestasieblad verskyn in Junie. Indien daar nog enige inligting is wat u geplaas wil hê, kontak asb. vir juf. Leandri Kruger. Die sluitingsdatum vir die instuur van prestasies is 24 Mei. Onthou egter dat alle prestasies eers geverifieer moet word voordat dit geplaas kan word (sien prosedures aangeheg).

Baie dankie aan die ouerkomitee onder leiding van mev. Freda Goosen vir die hantering van die kosverkope die afgelope naweek tydens ons Wesgrow-liga teen Primêre Skool Jordania. Dit was 'n uiters suksesvolle dag met uitstekende sport wat plaasgevind het.

Die sportseisoen staan einde se kant toe met slegs een ligawedstryd wat voorlê. Ons speel hierdie wedstryde op Dinsdag, 21 Mei teen Willem Postma. Let daarop dat hierdie wedstryde verskuif het na 21 Mei en nie 20 Mei soos op die kalender aangedui is nie. Dit is ter wille van beide skole se kore wat optree by vanjaar se Applous-kompetisie. Ons wens dan ons senior koor sterkte toe met hierdie kompetisie. Die kinders het baie hard geoefen hiervoor.

Die toetsweek vir Gr. 4-7 is afgehandel en leerders sal binnekort al hul uitslae ontvang. Dit was 'n goeie toetslopie vir die eksamen wat 3 Junie begin. Indien daar ouers is wat bekommerd is oor die uitslae van hul kinders, neem asb. die vrymoedigheid om dit met u kind se vakonderwyser op te neem.

## ANDER

**PERSONEEL**

Tjokkies verwelkom graag 'n nuwe gesig op ons stoepe. Juf. Mia Dreyer is tot die einde van die jaar aangestel in die Gr. 6 Engelse pos. Juf. Dreyer neem die klasse oor by jufrou Celetia le Grange wat na Gr. 7 Afrikaans geskuif het. Ons vertrou dat haar tydjie by Tjokkies aangenaam sal wees en dat sy vinnig deel van die Tjokkie-familie al word.

Baie dankie aan juf. Marizel Venter wat tydelik in hierdie pos afgelos het.

**Sosiale Media**

Ons preek gereeld vir ons kinders oor die versigtige gebruik van sosiale media, asook die aanstuur van boodskappe op whatsApp. Die skool doen ook moeite om gereeld sprekers te nooi om met ons leerders hieroor te praat.

Daar is ook ouers wat WhatsApp-groepe stig waarop hulle huiswerk ens. vir vriende aanstuur.

Ek doen ’n vriendelike, dog ernstige beroep op ouers om asb. nie die onderwysers op hierdie groepe te bespreek nie. Dit het die geneigdheid om tog ons oë en ore te bereik.

Wees asb. ’n voorbeeld vir u kind en vermy skinderstories. Kontak eerder die onderwyser self indien u ongelukkig is oor ’n saak.

**Rookbeleid**

*Aanhaling uit die rookbeleid van Primêre Skool Universitas:*

***Inleiding***

*Hierdie dokument is die rookbeleid van die **Primêre Skool Universitas**, wat deur die beheerliggaam goedgekeur is. Die rookbeleid erken die grondliggende waardes in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, en die toepaslike bepalings van die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, Wet 83 van 1993, soos gewysig deur die Wysigingswet op die Beheer van Tabakprodukte, Wet 23 van 2007 (hierna ‘die Tabakwet’).*

***1. Wat is rook?***
*Rook verwys na: “Vlugtige, gasagtige produk wat ontstaan by die verbranding van ‘n organiese stof.” Dit sluit ook enige vorm van **“Damprook”** in.*

*Die doel van die rookbeleid is om 'n aangename en gesonde omgewing vir sowel rokers as nierokers te skep, en om die gebruik van tabak en ander nagemaakte stowwe onder veral jongmense te verminder en te beheer.*

***2. Die beleid***

*2.1 Die hele skoolterrein word tot rookvrye gebied verklaar, wat enige gang, voorportaal, trappe, hysbak, kafeteria, toilette of ander gemeenskaplike gebied insluit wat die werknemers en/of leerders gereeld gebruik, met uitsondering van die aangewese rookgebiede.*

*2.2 Geen leerder mag op die skoolterrein of in skooldrag weg van die skoolterrein rook nie.*

*2.3 Werknemers en besoekers mag slegs in die aangewese rookgebiede rook, en slegs indien dit nie met hulle werksprestasie of met die leerders se opvoeding inmeng nie.*


*2.4 Rook is verbode in enige voertuig wat aan die skool behoort of waarin werknemers en/of leerders vervoer word.*

**Met bg. in ag geneem, versoek ek graag ouers om nie op die skoolterrein te rook of te “vape” nie, veral nie in die teenwoordigheid van ons leerders nie.**


## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 17 Mei: | Mini-netbaldag (JF) |
| | Tjokkie Hokkie Sokkie |
| 20 Mei: | Applous Koorkompetisie |
| | (Kultuurmiddag ruil met Dinsdag se program) |
| 21 Mei: | Gr. 4 & 5 Redenaars |
| | Wesgrow-liga vs Willem Postma (weg) |
| | Skaakliga |
| 22 Mei: | Bingo-aand (Gr. 6/7) |
| 23 Mei: | Finkom vergadering |

## VERJAARSDAE



18 Mei: Mnr. Ryno Eckard (Gr. 7)



## VAN DIE MAMMAS WAT BID

**Gal 5:22-23** sê: "Die vrug van die Gees, daarenteen, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing."

Die vrug van die Gees, wat groei in elke kind van Jesus, is die gevolg van die teenwoordigheid van die Heilige Gees in die lewe van 'n Christen.

*Een van die primêre oogmerke wanneer die Heilige Gees in 'n Christen se lewe inkom, is om daardie lewe te verander.*

*Dit is die Heilige Gees se werk om ons te omvorm na die beeld van Jesus en ons al meer te vernuwe sodat ons in Jesus se voetspore kan volg.*

Ons gebed vandag is dat hierdie skool, personeel en ouers sal help om die hemel oorvol te maak.

## VOORTREKKERS

Ons benodig allerhande klein boksies vir ons Spesialisasiedag op 25 Mei. Stuur asseblief enige tandepasta-, medisyne-, papbokse, ens. na juffrou Louise se klas toe.

# KAALVOETKAFEE

Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):
082 612 7756
E-posadres:
kaalvoetkafee@tjokkies.co.za

## REDENAARS




BLOEMFONTEIN
MOTORS
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za | 082 446 2174


SOUTH AFRICA CHAMPIONSHIPS OF PERFORMING ARTS
SEMI-FINAL AUDITIONS
27 JULY 2024
SOUTH AFRICA CHAMPIONSHIPS PERFORMING ARTS
DOWNLOAD OUR FREE APP ON GOOGLE PLAY AND APPLE APP STORE
BLOEMFONTEIN
UNIVERSITAS PRIMÊRE SKOOL
C/O PRES PAUL KRUGER & ROSS STREETS
FREE STATE
CONTACT: DOLLIE 073 565 8975
TO ENTER VISIT: WWW.SACOPA.CO.ZA